

## Van hoogmoed tot ootmoed



---

### SABBATMIDDAG

#### Skrifverwysings vir hierdie week se studie:

*Daniël 4:1-33, Spreuke 14:31, 2 Konings 20:2-5, Jona 3:10, Daniël 4:34-37, Filippense 2:1-11.*

#### Geheeteks:

“Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is ’n ewige koninkryk, sy heerskappy duur van geslag tot geslag” (*Daniël 4:3, NAB*).

**T**rots (oftewel hoogmoed) word dikwels as die heeleerste sonde gesien. ’n Mens bespeur dit die eerste maal by Lucifer, toe hy nog ’n engel in die hemel was. Aangaande hom het die Here aan Esegiël gesê: “Jou prag het jou hooghartig laat word, jou stralende glans het jou wysheid laat verloor. Ek het jou op die grond gegooi, jou daar voor ander konings laat lê dat hulle jou kon bekyk” (*Eseg. 28:17, NAB*). Dit is hoogmoed wat Lucifer tot ’n val gebring het, en daardie trots gebruik hy sedertdien om tallose ander op afdraaipadjes van verwoesting te bring. Ons is almal gevalle wesens, afhanklik van die Here vir ons voortbestaan. Alle gawes wat ons het en alles wat ons met daardie gawes vermag, kom van die Here. Hoe durf ons dus trots wees, hoe durf ons arrogant wees, hoe durf ons spog – en dit terwyl al ons doen en late van nederigheid, van ootmoed, behoort te getuig?

Dit neem lank vir Nebukadnesar om te verstaan hoe belangrik ootmoed is. Nie eens die verskyning van die vierde wese in die brandende vuuroond (soos ons in verlede week se les gesien het), bring hom tot ander insigte nie. Eers nadat God sy koninkryk weggeneem en hom tussen die wilde diere laat woon het, besef die koning sy nederige posisie as mens.

*\*Betudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 1 Februarie.*

## Is hierdie nie die grootse Babilon nie?

**Lees Daniël 4:1-33. Wat gebeur met die koning, en waarom?**

---

---

Die Here gee aan Nebukadnesar 'n tweede droom, maar dié keer kan die koning onthou wat hy gedroom het. Nietemin faal die Babiloniese raadgewers opnuut en daarom laat roep hy vir Daniël om die uitleg van die droom te gee. In die droom sien die koning 'n groot boom wat tot aan die hemel reik. Dan gee 'n hemelwese die bevel en dit word afgekap. Net die stomp en die wortels bly oor, met die nagtelike dou as die enigste water. Wat Nebukadnesar veral pla, is die gedeelte waarin die hemelse wese sê: “Sy verstand moet anders word as dié van 'n mens, hy moet die verstand van 'n dier kry. Dit moet sewe tydperke lank oor hom kom” (*Dan. 4:16, NAB*). Daniël besef dat dit harde woorde is om aan te hoor. Hy is vreeslik hoflik teenoor Nebukadnesar en probeer dit sagter stel, deur te sê dat hy God se oordele liewers vir die koning se vyande toewens. Nietemin bly die profeet getrou aan die geopenbaarde wil van God en sê prontuit dat die droom oor Nebukadnesar gaan.

Metaforiese verwysings na bome verskyn oral in die Bybel en versinnebeeld konings, nasies of ryke (*Eseg. 17 en 31, Hos. 14, Sag. 11:1 en 2, en Luk. 23:31*). 'n Groot boom is dus 'n gepaste simbool vir 'n arrogante koning. Van die Here ontvang hy sy mag en koningskap, nietemin misken hy knaend die Gewer van dié genadegawes.

**Let veral op Daniël 4:30. Met hierdie uitlating word getoon dat hy nog steeds nie verstaan waarteen God hom probeer waarsku nie. Hoe so?**

---

---

---

Ons is so uiters afhanklik van die Here, vir alles in die lewe. Om dit te vergeet, is een van die groot gevare van trots. Sodra 'n mens dit vergeet, begewe jy jou op gevaarlike geestelike terrein.

**Watter prestasies het jy op jou kerfstok? Kan 'n mens daardie prestasies waardeer sonder om hoogmoedig te raak? Indien wel, hoe gemaak?**

## Daniël waarsku die koning

**Lees Daniël 4:27. Benewens God se profetiese waarskuwing aan Nebukadnesar, waarsku Daniël hom ook. Wat sê hy die koning aan om te doen, en waarom? (Lees ook Spr. 14:31.)**

---

---

---

---

Daniël lê nie net die koning se droom uit nie, hy bied Nebukadnesar ook 'n uitweg te midde van die oordele: “Daarom, U Majesteit, luister na my raad: breek met u sonde en u ongeregtigheid, doen wat reg is en bewys barmhartigheid teenoor dié wat in nood is. Dan sal u voorspoed aanhou” (*Dan. 4:27, NAB*).

Nebukadnesar het ongekende vooruitgang in Babel meegebring. Al die tuine, die uitgebreide kanaalstelsels, honderde tempels en ook ander suksesvolle bouprojekte het die stad in een van die wonders van die antieke wêreld omskep. Tog is sulke prag en praal die produk – wel ten minste gedeeltelik – van uitbuiting in die vorm van slawearbeid en die verwaarlosing van die armes. Boonop gaan die rykdom van Babilon aan die koning en sy gevolg, vir hulle pret en plesier. Die feit dat Nebukadnesar nie aan God die nodige erkenning gee nie, is nie sy enigste probleem nie. Sy hoogmoed hou ook ander gevolge in – hy sien nie die swaarkry van die armes raak nie. Van al die koning se sondes, besluit Daniel om klem te lê op sy verwaarlosing van die armes. Dit is besonder interessant, gegewe God se besorgdheid oor die armes elders in die Bybel.

Die boodskap wat Nebukadnesar hier ontvang, is geensins nuut nie. Die Ou Testamentiese profete het dikwels die verwaarlosing van die armes skerp veroordeel. Daardie sonde word inderdaad ook by die naam genoem, as een van die talle redes vir die koning se verbanning. Medelye met die armes is immers die hoogste uitdrukking van Christelike liefdadigheid. Daarenteen kom die uitbuiting en die verwaarlosing van die armes op geweld teen God Self neer. Deur om te sien na die armes erken ons dat alles aan God behoort. Ons is dus nie eienaars nie, maar bloot rentmeesters van God se eiendom, sy skepping.

Deur ander met ons besittings te dien, bring ons lof en eer aan die Here, en bely ons sy Heerskap. Dit is God se eienaarskap wat uiteindelik die waarde en funksie van stofflike besittings bepaal. In dié opsig het Nebukadnesar gefaal; en ons loop dieselfde gevaar, tensy ons God se opperheerskappy oor ons prestasies erken en aktief daarvan getuig deur die behoeftiges te help.

## Die Allerhoogste regeer. . .

So ontvang Nebukadnesar dan die vermaning om tot inkeer te kom en die Here om vergifnis te vra. Tog val die hemelse oordele die koning te beurt omdat hy weier om sy trots te laat vaar (*Dan. 4:28-33*). Terwyl Nebukadnesar in die paleis rondgaan en al sy prestasies bekyk, en homself met groot behae op die skouer klop, oorval 'n psigiese ongesteldheid hom, met die gevolg dat hy uit die koninklike paleis gesit word. Moontlik was dit 'n soort geestestoestand soos kliniese likantropie (om te glo dat jy 'n dier is) of dalk 'n ander vorm van soantropie (om te glo dat jy in 'n dier verander het of deur een bewoon word). Hierdie tipe toestand lei daartoe dat die pasiënt soos 'n dier optree. Deesdae word dié toestand eerder spesie-disforie genoem, die gevoel dat jou liggaam die verkeerde spesie is, met die gevolg dat jy begeer om 'n dier te wees.

**Lees 2 Konings 20:2-5, Jona 3:10 en Jeremia 18:7 en 8. Wat sê hierdie tekste, kon die koning God se oordele voorkom het?**

---

Ongelukkig moes Nebukadnesar maar op die harde manier leer. Met al die mag van sy verhewe amp kon die koning nie sy posisie met betrekking tot die Here insien nie. Die Here ontnem Nebukadnesar sy koninklike gesag en laat hom tussen wilde diere woon. Sodoende gun God hom die geleentheid om sy totale afhanklikheid aan die Skeppergod te besef en te bely. Om die waarheid te sê, God se groot les aan die arrogante Nebukadnesar is “dat die Hemel regeer” (*Dan. 4:26, NAB*). Die oordeel wat Hy oor die koning bring, dien boonop 'n groter doel in die Godsplan, wat in die engele se dekreet duidelik na vore kom: “So sal alle mense weet dat die Allerhoogste regeer [mag het] oor al die koninkryke op aarde en dat Hy dit gee aan wie Hy wil; Hy stel selfs die onbelangrikste mens daarvoor aan” (*Dan. 4:17, NAB*).

Met ander woorde, die teregwysing wat Nebukadnesar ontvang het, behoort vir ons almal 'n les te wees. Ons is immers deel van “alle mense” en behoort derhalwe meer aandag te skenk aan die groot les wat elke gelowige veronderstel is om te leer, naamlik “dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil” (OAB).

**Die Allerhoogste regeer. Waarom is dié besef so 'n belangrike les? Watter invloed het hierdie insigte op die manier waarop 'n mens jou ondergeskiktes behandel (om nou 'n enkele voorbeeld te noem)?**

---

## Hy slaan sy oë op na die hemel

Lees Daniël 4:34-37. Hoe en waarom verander die koning se lot?

---

---

---

---

Hoewel die Here aanvanklik toelaat dat Nebukadnesar deur 'n vreemde siektetoestand getref word, bring Hy hom weer tot sy sinne. Interessant genoeg, kom die keerpunt na afloop van die geprofeteerde sewejaartydperk, toe die koning uiteindelik sy blik hemelwaarts rig (*Dan. 4:34*). “Sewe jaar lank was die Nebukadnesar se onderdane stomgeslaan [oor hul koning se waansin], oor sy sewejaarlange vernedering voor die ganse wêreld. Daarna herstel die Here sy gebroke psige. So kyk Nebukadnesar dan in ootmoed op na die Here, en bespeur die teregwyding in die oordele wat hom te beurt geval het. In 'n openbare verklaring bely hy sy sonde en erken dat sy herstel pure genade is” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 520). Ongetwyfeld kan groot dinge gebeur wanneer ons ons oë hemelwaarts rig. Dit is presies wat die koning besef het, en is dit inderdaad sy belydenis toe hy uiteindelik weer tot sy sinne gekom het.

Nietemin gaan dit nie eintlik om Nebukadnesar nie, maar om die genade van God. Voor sy sewejaarlange straf het die koning drie kanse verspeel om die God van Israel as Koning van sy lewe te aanvaar. Daardie kanse was toe hy die buitengewone kennis en insig van die vier Judese ballinge raakgesien het (*Daniël 1*), toe Daniël die droom oor die beeld uitgelê het (*Daniël 2*), en toe die drie Judeërs die brandende vuuroond oorleef het (*Daniël 3*). Die feit dat hy na die wonderbaarlike redding van daardie drie Judeërs nie van sy hoogmoed wou afsien nie, skreeu werklikwaar ten hemele! Ten spyte van die monarg se hardkoppigheid gee die Here hom 'n vierde kans. Dié keer wen God uiteindelik Nebukadnesar se hart. Die Here herstel hom ook in sy koninklike amp (*Daniël 4*). Soos Nebukadnesar se verhaal duidelik toon, gee die Here ons vele kanse om dinge tussen ons en Hom reg te maak. Eeue later stel Paulus dit so netjies: die Here “wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom” (*1 Tim. 2:4, NAB*). Die verhaal van Nebukadnesar en sy uiteindelik bekering is 'n kragtige voorbeeld hiervan.

**Watter omstandighede het jou geloofslewe verander, sodat jy jou voor die Here verootmoedig het? Wat het jy uit daardie ervarings geleer? Op watter maniere kan jy toelaat dat jou lewe verander, sodat jy nie die moeilike lesse van die verlede 'n tweede keer hoef te leer nie?**

## Nederig en dankbaar

**Aangaande God sê die boetvaardige koning: “Almal wat op aarde woon, is niks in vergelyking met Hom nie” (Dan. 4:35, NLV). Wat is die koning se punt, inaggenome die konteks?**

---

---

---

---

Hoe weet ons dat Nebukadnesar inderdaad ’n oorgawe aan die lewende God gemaak het? Die feit dat Nebukadnesar die skrywer van Daniël 4 is, is een van die groot bewyse. Die hoofstuk blyk grotendeels ’n transkripsie van ’n gedikteerde brief te wees, een wat hy aan die onderkonings van sy grootse ryk uitgestuur het. Hy skryf oor sy aanvanklike trots en die kranksinnigheid wat daarop volg, en erken nederig God se ingryping in sy lewe. In antieke tye het die konings byna nooit enigiets neerhalend oor hulself geskryf nie. Bykans alle koninklike dokumente uit daardie tydperk, wel ten minste dié wat aan ons bekend is, bring eer aan die koning. Die een in hoofstuk 4 – waarin ’n koning te kenne gee dat hy eenmaal trots was, en toe waansinnig geraak en soos ’n wilde dier begin leef het, dui dus op daadwerklike bekering. Wat meer is: die feit dat die koning sy bekeringsverhaal met die leser deel, en dan ruitertlik erken dat alle heerskappy aan God behoort, maak van hom ’n sendeling. Hy kan nie meer sy bekeringsbelewenis, ook nie die dinge wat hy by die lewende God geleer het, vir homself hou nie. Hierdie hoofstuk is dus die koning se oomblik van lofbetuiging tot God (*Dan. 4:34-37*), die bekendmaking van ’n wesenlike ervaring. Nebukadnesar het nou ’n ander stel waardes as voorheen en weet dat menslike mag beperk is. In ’n aangrypende dankgebed verheerlik hy die lewende God vir sy almag, en die koning erken: “Al die aardbewoners word as niks geag nie” (*Dan. 4:35, OAB*). Dit wil sê, inherent het die mens niks om oor te spog nie. In hierdie laaste kykie na die lewe van Nebukadnesar, soos dit in die boek Daniël opgeteken is, het ons ’n koning wat Hom voor die Here verootmoedig. Hy is dankbaar en besing die grootsheid van God, en waarsku ons ook teen hoogmoed. Die Here verander egter steeds lewens. By Hom is daar al die nodige krag en genade om die rebelse sondaar in ’n kind van die Hemelkoning te verander, ongeag hoe trots of sondig daardie persoon aanvanklik is.

**Lees Filippense 2:1-11. Hoe roei ’n mens die trots in jou lewe uit? Wat sê Paulus is hier die geheim tot sukses?**

## Vir verdere studie:

“Dieselfde heerser wat eens op ’n tyd so hoogmoedig was, het ’n nederige kind van God geword – van tirannieke, outoritêre alleenheerser tot wyse en barmhartige koning. Hy wat voorheen die God van die hemel teëgegaan en gelaster het, bely uiteindelik die almag van die Allerhoogste, en streef eerbied vir Jehova en die geluk van sy onderdane opreg na. Deur die teregwyding van die Koning van konings en die Heer van die here leer Nebukadnesar oplaas die les wat alle heersers behoort te leer: dat ware grootsheid uit opregte deugdelikheid spruit. So gee die koning dan te kenne dat Jehova die lewende God is. Hy sê: ‘Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder’ [hfst. 4:37, NAB]. “Die Godsplan vir Babilon is volbring: die grootste koninkryk ter wêreld het aan God die eer gegee. Hierdie openbare verklaring – waarin die koning die genade, goedheid en gesag van God te kenne gee – is die laaste van Nebukadnesar se handeling wat in die Bybel opgeteken is” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 521).

## Vrae vir bespreking:

1. “Hoogmoed is die sneller vir ondeug in al sy vorms: ’n denkwysse wat hom vir die algehele verwerping van God beywer. Klink dit vir jou verregaande? Indien wel, is dit nou tyd om te herbesin... Hoe groter die renons in ander se hooghartigheid, hoe groter jou eie. Om die waarheid te sê, ’n mens kan bepaal hoe hoogmoedig jy is deur jou bloot af te vra: ‘In hoe ’n mate krap dit aan my wanneer ander mense my afjak of wanneer hulle weier om notisie van my te neem, of wanneer iemand uit onkunde saampraat, of uit die hoogte met my praat, of windmakerig optree?’ Die punt is dat elkeen se trots om eerste plek meeding. Die rede hoekom ’n ander partytjieganger se pogings om te beïndruk my so geweldig afsit, is omdat ek self die ander partytjiegangers wou beïndruk. Ons is soos vinkel en koljander – die een verag die ander” (C. S. Lewis, *Mere Christianity* [New York: Touchstone, 1996], bl. 110). Wat probeer Lewis hier vir ons sê, hoe kan ’n mens die trots in jou eie lewe raaksien?

2. Een van die temas in hierdie hoofstuk, en ook in sommige van die voorafgaande hoofstukke, is die opperheerskappy van God. Waarom is dit so ’n belangrike onderwerp? Waarom moet ’n mens dit begryp? Hoe help die Sabbatwaarheid ons om hierdie deurslaggewende waarheid reg te verstaan?